# DIE KERK EN "SY" BOODSKAP AAN DIE WÊRELD VAN DIE EEN EN TWINTIGSTE EEU.

*Prof. J. H. van Wyk.*

Om oor 'n onderwerp soos bogenoemde te praat, is eintlik singuliere profetiese gawes nodig. In 'n kort voordrag kan ook eintlik net aan enkele sake aandag bestee word. Ek lig 'n paar sake uit wat myns insiens van groot belang is sonder die pretensie dat daarmee al die belangrikste sake na vore gebring is.

Dit is interessant om daarop te let dat reeds eerder oor die reformatoriese roeping van die kerk en dan in besonder die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, besin is. Ek verwys na WJ de Klerk se boek *Wending ? Vernuwingsgesprekke oor die Gereformeerde kerkpraktyk* (Potchefstroom 1964) waarin hy 'n hele reeks van belangrike sake aangeroer het. Byvoorbeeld: die gemeenskap van die heiliges, die prediking, die erediens, predikantswerk, jeugwerk, evangelisasie en sending, die plek van die vrou, reorganisasie. Op haas al die vlakke het hy 'n pleidooi om reformasie gelewer. Onlangs het 'n soortgelyke boek verskyn met 'n ietwat breër fokus nl. *Venster op die Kerk. Twintig lidmate oor die Reformasie van die Kerk in die jare 80* (Potchefstroom 1980). Daar is 'n opvallende ooreenkoms tussen sekere temas van die twee boeke. In lg. gaan dit o.a. oor: kerkreformasie, gemeenskap van die heiliges, vervulling met die Heilige Gees, liefde in die kerk, Bybelstudie, erediens, kerksang, prediking, die taak van die predikant, die ouderling, die diaken, die amp van die gelowige, die vrou in die kerk, die jeugorganisasie, die kerkgebou, sending en evangelisasie, ekumene, kerk en politiek.

Uit die wye verskeidenheid van onderwerpe blyk waar die aksente val en sekere van hierdie temas sal ook in hierdie voordrag weer ter sprake kom.

As ons praat oor die kerk en "sy" boodskap aan die wêreld van die een en twintigste eeu, is daarmee reeds aangedui dat ons oor die sake moet handel: die *kerk,* die *boodskap* van die kerk en die *wêreld* aan wie die boodskap gebring moet word. Ek sal vervolgens enkele belangrike aspekte hiervan na vore bring.

## 1. *DIE KERK WAT DIE BOODSKAP BRING*

Oor die kerk het daar in die jongste tyd veel besinning plaasgevind en mens dink hier veral aan die groot boeke van Küng, Berkouwer en Moltmann. Die groot vraag ontstaan egter telkens weer wat ons bedoel indien ons van "die kerk" praat. Ons "kerkbegrip" is van deurslaggewende betekenis as ons oor die roeping van die kerk in en aan die wêreld wil spreek. Dit is onmoontlik om die wese van die kerk van die roeping van die kerk te skei, maar tog moet ons tussen beide onderskei. Omdat die roeping van die kerk ten nouste verbind is aan die wese, en logies daaruit voorvloei, moet daar helderheid wees oor die vraag wat die kerk na sy wese is.

In hierdie verband, en met die oog op die roeping van die kerk aan die wêreld, kom die vraag vanself na vore wat die verband is tussen die kerk en 'n bepaalde volk waarin daardie kerk gestalte aanneem. Ek wil kortliks aandag gee aan hierdie verhoudingsaspek, en die drie

antwoorde daarop, omdat dit vir ons 'n vraagstuk van groot belang is.

Die eerste antwoord wat hier gegee word is die van die volkskerk.

Volgens hierdie siening neem die kerk gestalte aan in elke volk maar dan op so 'n wyse dat dit die volksgrense nie transendeer nie. So ontstaan daar in elke volk aparte volkskerke met aparte kerklike vergaderinge. Tussen die aparte volkskerke bestaan daar wel formele maar geen strukturele eenheidsbande sodat van oop eredienste eintlik geen sprake kan wees nie, behalwe moontlik wat troues en begrafnisse betref.

Lynreg teenoor die volkskerkmodel vind ons die model van die kerk as *alternatiewe gemeenskap*.

Hiervolgens is die volksbegrip irrelevant vir die kerkbegrip aangesien die kerk 'n nuwe, ja alternatiewe gemeenskap vorm. Wie lidmaat van die kerk word, maak hom los van sy volk. Kerklidmaatskap en volklidmaatskap staan as onversoenbare eenhede teenoor mekaar en wie vir die kerk kies, moet noodwendig téén die volk kies. Hiervolgens vertoon sowel die plaaslike gemeente as die kerkregering 'n "gemengde" karakter. In hierdie verband word dan graag verwys na die vroeë Antiocheense gemeente wat bestaan het uit Siriese, Romeinse, Griekse en Joodse Christene (met Grieks as omgangstaal).
Volgens die derde model vorm die kerk 'n *unieke gemeenskap*.

Die kerk is 'n volkome unieke gemeenskap (1 Pet 2 : 10) maar dan só dat rekening gehou word met die feitlike werklikheid van die bestaan van die verskeie volke of nasies. Anders as by die volkskerkgedagte transendeer die kerk egter die volksgrense (GC Berkouwer, *De Kerk* I, 1970, 153; A Kuyper, *Het Calvinisme* 1959, 52). Ter wille van linguistiese, liturgiese en geografiese redes (ek verkies om nie van kulturele verskille te praat nie) word oorgegaan tot eie gemeentevorming en ook op beperkte mate tot eie meerdere vergaderinge. Die wesentlike eenheid van die kerk, sowel op intergemeentelike as op internasionale vlak bly egter ongeskonde gehandhaaf.

Soms word in hierdie verband van 'n *volkerekerk* gepraat (WJ Snyman, *Nuwe en Ou Dinge* 1977, 113; in aansluiting by E Stauffer, *Die Theologie des Neuen Testaments* 1945, 173v) asook van 'n *volkse* kerk (JA Heyns, *Die Kerk* 1977, 217). Tog verkies ek om nie hierdie volkagtige tiperinge te gebruik nie omdat dit maklik misverstand kan wek en omdat die Bybel in hierdie verband net een uitstaande tipering ken nl *volk van God*. Die kerk laat nie *nasies* verdwyn nie maar die *vyandskap* tussen die nasies (Efes 2 : 15). Die kerk word in die Nuwe Testament oa ook liggaam van Christus en bouwerk van die Heilige Gees genoem, maar die oudste en mees fundamentele begrip en omskrywing van die kerk is die woorde *volk van God* (H Küng, De *Kerk* 1967, 139, 259).

By die kerk as volkskerk word die volk in 'n groot mate verabsoluteer: by die kerk as alternatiewe gemeenskap word die volk geïgnoreer; by die kerk as unieke gemeenskap word die volk gehonoreer maar terselfdertyd gerelativeer.

Wanneer ons die Godsvolk benader nie as volkskerk of as alternatiewe gemeenskap nie maar as unieke gemeenskap, dan spring vanself die gedagte van *eenheid-in-verskeidenheid* na vore. Die een volk van God neem verskeie plaaslike gestaltes aan onder die ver-

skillende volke op aarde. Met die oog op verstaanbare Woordebediening en eiesoortlige liturgiese belewing, en dikwels ook vanweë geografiese omstandighede, ontstaan eie gemeentes binne die volksgroepe. Hierin speel kleur egter geen rol nie. Tog mag deur hierdie verskeidenheid nooit die wesentlike eenheid van die kerk aangetas word nie.

Tereg het die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in SA soos volg besluit.:

"Die eenheid van die kerk as liggaam van Christus moet erken word. Dit mag wenslik wees om as gevolg van taalkundige of kulturele verskille afsonderlike gemeentes te vorm, dikwels met 'n eie manier van prediking en erediens, en in hierdie gevalle is dit nie verstandig om 'n uitwendige en daarom kunsmatige eenheid af te dwing nie maar om die verskeidenheid in die volk van God te erken. Waar daar egter onderskeie kerke onder verskillende volksgroepe bestaan, mag geen persoon op grond van ras of kleur van 'n erediens uitgesluit word nie. 'n Gesamentlike erediens, die nagmaal ingesluit, tussen Christene, ongeag hulle ras, is 'n uitdrukking van die eenheid van die liggaam van Christus. Sodanige erediens van gelowiges uit verskillende rasse en volke is 'n teken van die eenheid van die kerk en die gemeenskap van die heiliges en kan 'n Christelike getuienis aan die wêreld wees" *(Acta 1979, 5l; vgl Acta 1976, 386)*.

Hiervolgens was dit logies dat daar 'n Algemene Sinode van Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika gevorm sou word. Al bestaan daar onderskeie Gereformeerde gemeentes is daar slegs één Gereformeerde kerkverband.

Uit bostaande is ook duidelik dat kerkgrense nie net nasionale grense oorskry nie maar ook landsgrense. Daarom het die GKSA die inisiatief geneem vir 'n vergadering waarby alle Gereformeerde kerke in die wêreld, wat in noue gemeenskap (enger korrespondensie) verkeer, betrokke sal wees (*Acta* 1946,28). Omdat die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, wat uit hierdie inisiatief tot stand gekom het, tans egter 'n gemengde karakter dra in soverre dit kerkgemeenskappe insluit wat nie ten volle een is nie, het die Nasionale Sinode van die GKSA van 1979 besluit om hom positief te beywer vir 'n "volwaardige" GES bestaande uit kerkverbande wat wesentlik een is. (*Acta* 1979, bl 46).

Hierdie kerkregtelike ontwikkeling sal myns insiens nie sonder invloed wees nie. Namate die Algemene Sinode meer gereeld en doeltreffender gaan funksioneer en dieselfde met die "volwaardige" GES gebeur, sal die bestaansreg van die huidige partikuliere sinodes hoe langer hoe meer in gedrang kom. Die bestaande nasionale sinodes sal waarskynlik die plek van die part. sinodes inneem.

Verder is dit 'n ope vraag of die (nasionale) Sinode Suidland (Kleurlinge) bestaansreg het. Ons het hier immers met geen onoorkomelike taalprobleme en ook liturgiese probleme te doen nie, hoogstens geografiese probleme. Daar is sterk oorweginge dat hierdie kerkvergadering moet verdwyn of as 'n klassis moet funksioneer.

Wie oor die eenheid van die Gereformeerde Kerk praat, praat nie net oor *intersinodale* eenheid nie maar ook oor *intergemeentelike* eenheid. Die kerk bestaan nie uit sinodes nie maar word voor alles sig-

baar in die bestaan van die plaaslike gemeente. Kerkrade sal moet insien dat hulle taak nie daarin geleë is om te waak oor die toelating tot die erediens nie maar oor die toegang tot die nagmaal. Elke erediens is wesentlik oop vir enige gelowige (Jak. 2: 2v), ja selfs vir enige ongelowige (I Kor. 14 : 23). Daar was 'n lang pad van die sinodebesluit van 1869 toe bevind is dat "gemengde eredienste" "nu nog" ongeskik en onmoontlik is, tot die besluit van 1976/79 dat "geen persoon op grond van ras of kleur van 'n erediens uitgesluit mag word nie".

"Daar moet ruimte kom vir die oortuiging dat dit onchristelik is om swart lidmate uit 'n erediens te weer, dat dit benede-Christelik is om hulle net toe te laat, en dat dit eers eg-Christelik is wanneer ons hulle uitnooi en hartlik verwelkom" ( A König in: *Die eenheid van die kerk,* 1979, 100). Of soos iemand anders by geleentheid opgemerk het: 'Gemengde eredienste' hoéf nie plaas te vind nie, maar sodra iemand sê dat dit nie mág plaasvind nie, dan moét dit" (WD Jonker).

Op hierdie punt — wat ook kanselruil insluit — sal daar in die Geref Kerk in SA nog groot reformasie moet plaasvind (vgl my art in *Die eenheid van die kerk,* 1979).

Ek het gehandel oor die eenheid-in verskeidenheid, maar bestaan daar ook so iets as *eenheid in verskeurdheid?* Hier raak ons aan die ontsaglike vraagstuk van die ekumene en die roeping tot herstel van die gebroke eenheid omdat kerklike verskeurdheid doodeenvoudig *sonde* is — so het die nasionale sinode van die GKSA tog herhaaldelik besluit. JC Krüger het met sy boek *Kerkvereniging in die lig van Uitverkiesing en Bekering* 1980 'n poging om die gesprek tussen die Afrikaanse kerke en in besonder tussen die NGK en GKSA aan die gang te kry. Ongelukkig is dit myns insiens nie 'n baie geslaagde poging nie, veral omdat die skrywer die saak te veel uit een hoek benader en ook dikwels in algemeenhede en vertekende beeld verval. Natuurlik word daar deur sinodale deputate van die drie sinodes samesprekinge gehou. Die resultate van hierdie sinodale gesprekke is egter baie skraal. Ongelukkig het die Nasionale Sinode GKSA in 1973 besluit dat die interkerklike gesprek nie op plaaslike vlak gevoer mag word nie. Hierdie besluit verraai myns insiens 'n sinodokratiese tendens, iets wat my in die laaste tyd hoe langer hoe meer bekommer. Dieselfde tendens is merkbaar in die 1964 besluit tov die toelating van gaste tot die nagmaal.

Ons kan verwag dat die interkerklike gesprekke in die komende dekades momentum sal kry, waarmee nie ontken is dat die pad terug na mekaar moeilik en steil sal wees nie.

Ek het hier oor die kerk gehandel vanuit 'n bepaalde hoek. Hiermee is onderstreep dat indien die kerk sy boodskap duidelik en geloofwaardig aan die wêreld wil oorbring, die kerk eers introspeksie sal moet hou en sy eie huis in orde sal moet kry. 'n Kerk wat innerlik verdeeld en verlam is, sal moeilik die wêreld oortuig dat die Koninkryk van God aan't kom is. Terwyl daar na buite gewerk word, sal daar na binne veel opruimingswerk moet plaasvind.

Ons moet vervolgens aandag gee aan 'n tweede aspek nl die *boodskap* wat die kerk moet bring.

## 2. *DIE BOODSKAP WAT DIE KERK MOET BRING*

Die boodskap wat die kerk aan die wêreld moet bring staan in noue verband met die verhouding tussen kerk en wêreld. Dit is aan u bekend dat daar verskillende modelle in die loop van die teologie-geskiedenis ontwerp is om hierdie verhouding tot uitdrukking te bring (vgl. hier bv JJF Durandt, *Kontemporêre modelle vir verhouding van kerk en samelewing* in: *Kerk en Samelewing* 1977, 12—36; BJ van der Walt, *Van Athene na Genéve* 1981, 247—248; Adrio König, *The Church and Politics* in *Theologia Evangelica* Apr 1979, 23—34 SCW Duvenage, *Die verhouding van die kerk tot volk* (1962). 'n Paar van hierdie modelle is die volgende: die Rooms-Katolieke natuur-genade model, die Lutherse twee-ryke model, die Gereformeerde Christokratiese model, die Anabaptistiese wêreldmyding model, die Revolusionêr eskatologiese model.

In wat gaan volg, sal duidelik blyk dat by die Gereformeerde tradisie aangesluit word.

As gevra word na die boodskap en roeping van die kerk aan die wêreld, staan een saak soos 'n paal bo water en dit is dat die kerk niks anders het om te doen nie as om draer en verkondiger te wees van die *Koninkryk van God.* Daar kan niks beter of omvattender ivm die taak van die kerk genoem word as dat die kerk boodskapper is van Gods heilryke heerskappy wat met die koms van Jesus Christus en die Heilige Gees na hierdie wêreld gekom het, dat dit wêreldwyd gestalte aanneem en dat dit fantastiese seëninge vir almal wat glo, inhou.

In verband hiermee wil ek veral wys op twee aspekte van die kerk se roeping. Uiteraard is daar meer maar ek noem graag twee nl die profetiese en priesterlike werk van die kerk.

Wat die *profetiese roeping* van die kerk betref, kan veral gewys word op sekere essensiële punte van die kerklike boodskap soos bekering, verlossing, versoening en vernuwing.

Die boodskap van die kerk aan die wêreld is *bekering.* Daarmee begin die prediking van Johannes die Doper en Jesus Christus. Hierin sluit hulle aan by die profete van die Ou Testament. Die Koninkryk van God is hier en mense moet hulle nou bekeer. Bekering beteken radikale verandering, dit beteken 'n inwendige hartsverandering en 'n uitwendige lewensverandering, dit beteken innerlike denkverandering en uiterlike koersverandering. Sonder bekering word groot stede soos Nineve en New York en Moskou en Johannesburg nie gespaar nie.

Dit is waar dat bekering 'n streng persoonlike en menslike saak is, maar dit is ewe waar dat die bekeerde mens 'n bekeerde en ander lewe sal voer en dus sal begin timmer en verander aan skewe strukture, swak sisteme, krenkende organisasies en wurgende wette. Hy sal dit egter op 'n Godvererende en mensliewende wyse doen en nie op 'n gewelddadig-rewolusionêre wyse nie.

Hierdie bekeringsoproep moet dus nie net opklink binne die vier mure van 'n kerkgebou nie maar ook op straat — soos by Jona —, in die samelewing, in die politiek, in die ekonomie, in die onderwys, in die kuns en noem maar op. Daar is geen enkele terrein op aarde of die kerk het die roeping om die lig van Gods Woord daarop te

laat val. Hier moet ons waak teen die dwaling van neutralisme, met 'n foutiewe beroep moontlik op art 30 van die Kerkorde dat die kerk hom net met suiwer "kerklike sake" moet bemoei. Trouens ons Nasionale Sinode van 1942 het besluit dat die "geen ander" (as kerklike sake) "nie in absolute sin" opgevat moet word en dat art 30 "histories verklaar moet word" (*Kerkbode* 1968, 54—55). Vandaar dat die Sinode van 1970 volkome tereg besluit het dat die kerk aan wie die boodskap van Christus se koninkryk toevertrou is, "in die verkondiging van die Woord moedig en toepaslik oor die heersende vraagstukke (moet) preek, sowel tot opbou en vermaning van sy lede, as, waar nodig, tot kritiek op die optrede en beleid van owerhede en organisasies" (*Acta* 1970, 63).

Ons moet hier veral waak dat die onderskeiding van kerk-as-organisme en kerk-as-instituut, wat al soveel skade op teologiese en kerklike gebied berokken het, omdat dit verkeerd hanteer is, nie ook hier verder skade doen nie. Dit is eenvoudig onhoudbaar om te dink dat die sg kerk-as-instituut hom nie met die sake van die wêreld mag besig hou nie. Natuurlik, daar is twee maniere vir die kerk om hom met die sake van die wêreld besig te hou nl 'n wêreldse en kerklike manier. Die kerk is, ook in sinodale verband, teen wil en dank betrokke by die dinge wat in die wêreld gebeur. Die kerk is immers die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld. Tereg kan B Spoelstra vra watter leiding die kerk en meerdere vergaderings tans in Suid-Afrika aan gelowiges bied. "Sake soos uitskakeling van diskriminasie, beter mensverhoudinge, beskerming van minderhede, reg tot selfbeskikking vir elke natuurlike groep, het tog alles met die kerk en etiek te doen" (*Die Kerkblad* 17 Des 1980,5).

"Oor alle kardinale sake, die aktuele vrae van die dag, moet kerklike vergaderings sonder doekies omdraai die lig van die Woord van God laat skyn" (Tjaart van der Walt in: *Geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing* 1977,88).

Die kerk van die een en twintigste eeu sal veel meer 'n sprekende kerk moet wees, 'n kerk wie se profetiese boodskap helder en duidelik hoorbaar is in 'n wêreld vol angs en spanning.

Die kerk spreek egter nie net oor wat die Here God vrá nie maar ook oor wat Hy géé. Daarom moet die boodskap van verlossing en versoening ook duidelik in die wêreld opklink. Verlossing beteken losgemaak-wees van die sonde, versoening beteken vasgemaak wees aan God. Daar kom 'n breuk met die sonde (verlossing) en daar kom 'n brug na God (versoening). Die wêreld moet hoor van hierdie groot heilsdade van God in Christus. Die wêreld moet weet dat daar weer hoop is in 'n wêreld van wanhoop, 'n hoopvolle toekoms (Jer. 29 : 11) waar donker wolke saampak.

Met die boodskap van verlossing en versoening moet die kerk egter versigtig wees. Ons moet hier waak teen uiterstes. Ons moet daarteen waak dat die oorbeklemtoning van een aspek ons nie verlei om die ander aspek te onderbeklemtoon of selfs heeltemal te ontken nie.

In die Teologie van die Rewolusie en die Politieke Teologie word die begrip verlossing of bevryding heel dikwels aangedui om slegs politieke verlossing te beteken. Die versoeking is dan wawyd om te

reageer met die stelling dat die verlossing in Christus absoluut niks met politieke vryheid te maak het nie. Alreeds die Ou Testament leer ons om hier versigtig te wees. Die verlossing van Israel uit Egipteland, een van die grootste gebeurtenisse in die OT, was inderdaad 'n geestelike verlossing van die *afgodery* van Egipte, maar dit was aan die ander kant ook 'n politieke verlossing uit die *slawerny* van die Egiptenaars. Hieruit blyk al baie duidelik dat die God van verlossing nie tevrede is met 'n halwe verlossing nie. Sy verlossing is volkome, na liggaam en gees. Hierdie verlossing bereik sy hoogtepunt met die koms van Jesus Christus, wat nie net duiwels uitdryf en sonde vergewe nie maar ook siekes gesond maak en dooies opwek. Sy verlossingswerk het konsekwensies vir die volle lewe, en die vryheid wat daar vir die gelowiges in Christus is, het betekenis vir die hele lewe op aarde.

Ons reaksie teen die eensydighede van die subjektiewe versoeningsleer soos voorgestaan deur Wiersinga moet ons ook nie in die hoek van piëtisme dryf nie. Herman Ridderbos het in sy boek *Zijn wij op de verkeerde weg?* 1972 duidelik gemaak dat die reikwydte van die versoening so ver tref dat dit sowel die mens-God-verhouding as die mens-mens-verhouding raak én verander (bll. 65—66). Die NT ken baie duidelik die versoening met God (2 Kor. 5 : 18—19) maar leer ook ewe duidelik die versoening met die broeder (Matt 5 : 23—26).

Die motiewe van verlossing en versoening, in hulle volle reikwydte, moet veel sterker funksioneer in die prediking van die kerk op pad na die een en twintigste eeu.

Ons sou egter in 'n groot eensydigheid verval indien ons slegs 'n ope oog het vir die verlossings- en versoeningswerk van Jesus Christus. In onlosmaaklike verband hiermee staan die werk van *vernuwing* deur die Heilige Gees. As ons die herskeppende werk van die Gees van God, in die kerk en buite die kerk, vergeet, dan het die kerk 'n baie belangrike deel van die Goddelike boodskap aan die wêreld agterweë gehou.

Die teologie van die twintigste eeu word veral gekenmerk deur drie bewegings. Dit is die eeu van die ekumene, van die politieke teologie en van die Pinksterbeweging (Pentakostalisme). Die groei en ontwikkeling van die Pinksterbewegings hang in geen geringe mate saam met die feit dat die persoon en werk van die Gees in die gevestigde kerke dikwels totaal onderbeklemtoon is nie. Daarom kan ons dit alleen toejuig dat daar tans so 'n magdom van goeie lektuur oor die Heilige Gees in Afrikaans verskyn.

Die Gees is die Gees van die hoop en Hy hou die verwagting sterk gerig op die dinge wat God belowe het nl 'n uiteindelike nuwe wêreld (Rom 8 : 22v). Dit is waardevol dat Moltmann — en nog lank voor hom Overduin — ons aandag spesifiek weer op hierdie aspek van die Christelike boodskap gevestig het. As Christene staan ons nie sonder hoop in hierdie wêreld nie en die wêreld moet ook weet dat daar 'n hoopvolle toekoms kan wees en ook sal wees. Die kerk moet nie voortdurend op 'n pessimistiese noot tokkel en so 'n gees van defaitisme aanwakker nie. Die oorloë en gerugte van oorloë, die hongersnode en die pessiektes en aardbewings is nie

tekens daarvan dat alles verlore is nie maar is 'n "begin van die geboortepyne" van die deurbraak van die Koninkryk van God (Matt 24 : 8, Rom 8 : 22). Wat voor ons lê is nie bloot 'n donker uur van oordeel nie want die nag het ver gevorder en dit is amper dag, sê Paulus (Rom 13 : 12). Nie die wêreld gaan verby nie maar die "gedaante" van die wêreld gaan verby (1 Kor 7 : 13). Daar is nog te veel predikante wat die eindoordeel só preek asof dit die einde van alles, ook die einde van die wêreld is (II Pet 3 : 6). Daar word nie goed onderskei tussen die "vergaan" van die wêreld en die "vernietiging" van die wêreld nie. Hierdie wêreld word nie eenmaal vernietig nie maar word uiteindelik deur die Here God deur die vlammesee van 'n laaste gerig heen geruk om eenmaal vonkelnuut anderkant uit te kom. Uiteindelik maak God álles *nuut* (Openb 21 : 5).

Dit is hierdie hoopvolle boodskap wat ons veel meer vanaf die kansels en kateders en vergadertafels moet hoor.

Die kerk het egter nie net 'n profetiese roeping nie maar ook 'n *priesterlike.*

Waarom moet alleen die Rooi Kruis in noodsituasies optree en nie ook die kerk van Christus nie veral deur middel van sy diakonale hand? In navolging van ons groot Hoëpriester Jesus Christus, moet die kerk ook priesterlik bewoë wees oor soveel duisende en miljoene mense in liggaamlike en geestelike nood. Op die punt van die arm naaste moet ons die Marxisme moedig tegemoet tree. Waarom moet die marxis ons voor wees om arm mense te help, om krotbuurtes op te ruim, om te pleit vir beter lewens- en werksomstandighede? Waarom laat die kerk toe dat daar 'n welige teelaarde ontstaan waarbinne die Marxisme soos 'n paddastoel kan opskiet?

Kom ek wees konkreet en noem een voorbeeld. In die Kaapse vlakte het vanweë 'n tekort aan wonings talle plakkerbuurtes — dikwels onwettig — ontstaan. Hierdie toestande is tereg as problematies beskou en daar moes na 'n oplossing gesoek word — al wonder mens waarom toegelaat is dat die probleem eers handuit geruk het voordat aan 'n oplossing gedink is. Hoe word die probleem nou opgelos? Só dat tydens een van die koudste, winderigste en renerigste nawinters in 1977 stootskrapers gebruik is om die gehuggies plat te vee. In 'n land met soveel Christene in die regering behoort ons tog te weet dat daar maniere én maniere is om 'n ding te doen en 'n saak op te los.

In hierdie verband kan diakonieë, selfs in internasionale verband, ontsaglik veel doen vir die Koninkryk van God. Christus het nie net sondes vergewe nie maar ook siekes genees en aan armes die evangelie verkondig (Mat. 11 : 5). In 'n wêreld met sy krotwoonbuurtes, plakkerstoestande en meer as 30 miljoen hongerdooies wag daar groot werk op die diakonieë en gemeentes. Ons kan bly wees dat JA Schutte met sy *Want Ek het honger gehad en julle het my nie te ete gegee nie* 1975 die aandag van die kerk weer op hierdie aspek gevestig het.

Nog 'n priesterlike aspek van die kerk is die van *voorbidding.* Die kerk moet voortdurend vir die wêreld en wêreldowerhede bid sodat ons 'n ordelike en vreedsame lewe mag voer en daar ruimte mag wees vir redding van mense en kennis van die waarheid (1 Tim

2 : 1v). Hoe vyandiger die wêreld teenoor die kerk word, hoe vuriger moet die gebed van die kerk word.

Al hierdie dinge behoort onlosmaaklik tot die roeping van die kerk. En hierop moet die kerk "op pad na 2000" (Piet Meiring) en op pad na die een en twintigste eeu besonderlik konsentreer. By hierdie roeping van die kerk moet egter iets bygevoeg word nl die *voorbeeldige bestaan* van die kerk in die wêreld. Die boodskap van die kerk aan die wêreld is volkome ongeloofwaardig as die kerk nie self uitleef wat hy aan andere voorhou nie. Die kerk bestaan eenvoudig midde in die wêreld en daar is duisende oë wat kyk na die doen en late van die Christene. Die kerk bestaan soos 'n stad op 'n berg en as die mense nie ons goeie werk kan sien nie, kan ons onmoontlik verwag dat hulle in God geïnteresseerd sal raak (Matt 5 : 14—16). Daarom moet elke Christen so nouletttend ag gee op sy daaglikse lewenswandel en daarom is die Christelike etiek so belangrik. Aan die vrugte word die boom geken. Laat ek in hierdie verband aanhaal uit 'n brief aan sy moeder van 'n Japanse student wat in Europa gestudeer het en dan weer van die Christendom na die Boeddhisme teruggekeer het: "'n Mens kan met reg sê dat alle nie-Christelike volke, alle tye saamgeneem, nie soveel bloed vergiet het soos die Christene in hulle twee duisendjarige bestaan nie. Ek het gedink aán die woord van Jesus: "Aan hulle vrugte sal julle hulle herken". Ek het dit herken en my van hulle losgemaak" (AJ Rasker, *Wir wählen das gefährlichen Leben* 1961,45).

Ek kom by die derde en laaste punt.

3. *DIE WÊRELD AAN WIE DIE BOODSKAP GEBRING WORD.*

Die Goddelike boodskap wat die kerk bring is 'n boodskap wat die konkrete werklikheid raak en verander. Woord en werklikheid is altyd innig verbonde. Die Woord is altyd gerig op 'n bepaalde werklikheid. Indien die kerk dus sy roeping na behore wil uitvoer dan moet nie alleen die *Woord* geken word nie maar ook die *werklikheid* waarbinne die Woord gestalte moet vind. Dit is onmoontlik om goed te preek sonder 'n goeie kennis van die vrae en probleme en stryd wat in die lewe van 'n gemeente heers. So is dit ook onmoontlik vir die kerk om sy boodskap effektief in en aan die wêreld uit te dra indien die nood en vrae en angste van die wêreld nie geken word nie.

Van die wêreld kan ons ten minste twee dinge sê, nee drie. Dit is 'n deur God geskape wêreld en is dus eiendom van God (Ps. 24 : 1). Dit is 'n in sonde gevalle wêreld en dus gebroke wêreld. En dit is 'n deur Christus verloste wêreld.

Veral oor die tweede punt wil ek graag iets meer sê. Dit is belangrik dat ons die wêreld in sy sonde, gebrokenheid, bedreigdheid en afval goed ken. Dit beteken dat die tyd vir die kerk vir altyd verby is om oor klein dingetjies soos die dra van 'n hoed deur susters, die plek van die kollekte, die ampsgewaad, ens. ens. 'n stryd voer. Ten einde sy roeping na buite doeltreffend uit te voer, moet die kerk homself deeglik die vraag afvra: In watter wêreld leef ons? (vgl hier my art in *Die Kerkblad*, 21 Jan 1970.

Hierdie sondige wêreld dra 'n paar kenmerke wat nie elke dag

vir almal sigbaar is nie maar wat hoe langer hoe meer sigbaarder gaan word.

Hierdie wêreld is, om te begin, 'n *bedreigde* wêreld. U moet nie vannag wakker lê nie — of miskien juis wel! — as ek op goeie gesag beweer dat daar in die arsenale van die atoommagte reeds genoeg kernwapens gereed lê om alle lewe op aarde tientalle kere totaal uit te wis. Dit word verder beweer dat dit al tegnies moontlik is om een "vuil" bom te maak wat alle lewe op een halfrond kan vernietig. Doeltreffende verdediging teen die kernwapens bestaan nog nie. Ondanks vredespogings en ontwapeningskonferensies word die wapenwedloop voortgesit en word die aarde hoe langer hoe meer in 'n tydbom omskep. Vanuit menslike oogpunt is dit 'n volkome haglike en hopelose situasie. Die eindoordeel kan elke sekond losbars. In so 'n wêreld leef die kerk met sy boodskap van vrede en geregtigheid en hoop, en moet hy preek dat daar, volgens Jesaja, alleen vrede kan wees indien daar ook geregtigheid is (32 : 17).

Hierdie wêreld raak verder hoe langer hoe meer 'n *uitgeputte* wêreld. Die hulpbronne soos olie, steenkool, minerale en noem maar op, is besig om op te raak. Dit lyk of die ratwerk op aarde begin vasdraai. Vanweë die eksponensiële groei (spiraal-verdubbeling) lyk dit of die lewe op aarde binne die komende honderd jaar uitgewis kan word. In so 'n wêreld moet die kerk preek dat die aarde nie net "*bewerk*" moet word nie maar ook "bewaak" word (Gen. 2 : 15).

Ons leef ook in 'n wêreld wat steeds meer *oorbevolk* raak. 8 000 jaar gelede was daar sowat 5 miljoen mense op aarde, 300 jaar gelede was daar 540 miljoen, 200 jaar gelede 730 miljoen, 100 jaar gelede 1 170 miljoen. Tans is daar meer as 3 000 miljoen en by die eeuwisseling sal dit meer as verdubbel. Daarna sal duplisering vinniger volg en teen die einde van die een en twintigste eeu kan dit 20 000 miljoen wees. Oor 200 jaar verder sal die hele wêreld bewoon word soos Amsterdam tans bewoon word en oor 400 jaar, as niks verander nie, sal daar net genoeg plek wees vir almal om tegelyk te gaan lê! Terwyl verdubbeling van die bevolking rondom 8000 vC ongeveer 1500 jaar geneem het, geskied dit tans elke 35 jaar. Die verwagte bevolking van Suid-Afrika sal moontlik teen die einde van die eeu uitgroei tot naby 70 miljoen en oor honderd jaar verder kan dit oor die 700 miljoen wees, met die blankes tussen 1 en 3% van die Suid-Afrikaanse bevolking. In so 'n wêreld moet die kerk wys op verantwoordelike gesinsbeplanning en verantwoordelike ouerskap en dat die mens die opdrag het om die aarde te "vul" en nie om daarop te "vervuil" nie (Gen 1 : 28).

Ons leef ook in 'n *honger* wêreld. Dit is natuurlik waar dat daar in sommige lande groot voorspoed en weelde heers, maar dit is ook waar dat meer as die helfte van die wêreldbevolking nog onder die broodlyn leef en dat daar jaarliks tussen 30 en 40 miljoen mense 'n hongerdood sterf. Terwyl in die ryk lande jaarliks enorme bedrae aan nie-noodsaaklike dinge soos drank, rook, kosmetiek en mode bestee word, word die kloof tussen rykes en armes in die wêreld al groter. Daar is sommige kenners wat 'n ontsettende hongerkatastrofe voorspel en hier en daar merk ons reeds iets daarvan, (Oeganda en

Biafra). Ons leef ook in 'n *vernielde* wêreld. Die water-, lug- en omgewingsbesoedeling is besig om katastrofiese afmetings aan te neem. Volgens skatting word daar jaarliks 2 tot 10 miljoen ton olie en olieprodukte in die see gestort sodat die see besig is om in 'n ashoop te verander. In Tokio is die lugbesoedeling soms so hoog dat dit bedags nodig is om 'n paar teue suurstof te koop, presies soos 'n koppie koffie gekoop word. In Johannesburg is die lugbesoedeling soms gelykstaande aan die rook van 10 sigarette per dag. Die wyse waarop die omgewing elke dag besoedel word deur middel van papiere en plastiek bottels en blikkies is vir almal om te sien. 'n Amerikaanse wetenskaplike bereken dat die wêreld se afval genoeg is om elke maand 'n groot stad soos New York geheel en al te begrawe. In so 'n wêreld moet die kerk verkondig dat die mens, hoewel *heerser* oor die aarde, tog ook en veral *rentmeester* is. Hy mag die aarde nie verniel of vernietig nie maar moet dit woonbaar maak. (Jes. 45 : 18). Die mens is diensbaar aan die nuwe wêreld wat God belowe het en hy moet op 'n verantwoordelike wyse omgaan met die skepping as Gods handewerk en eiendom. Hy mag ook vertrou dat die Here God die beste van sy handewerk as mens sal gebruik in die Nuwe Jerusalem (Openb 21 : 24—26).

In so 'n wêreld moet die kerk voortdurend aan die woord van Christus herinner, dat wie een van sy honger en dors broers gevoed het, dit vir Christus Self gedoen het (Matt 25 : 40). Die wil van God is dat daar geen armoede moet wees nie (Deut. 15 : 4; Hand. 4 : 34).

Indien die kerk die wêreld slegs as 'n gevalle wêreld sou sien, dan sou dit inderdaad 'n somber prentjie gewees het. Gelukkig mag ons ook na die wêreld vanuit 'n ander hoek kyk en wel vanuit Jesus Christus. Daarom kan ons praat van 'n beginsel-in-Christus *verloste* wêreld, nie in Barthiaanse sin nie maar in die betekenis van die Bybel (1 Joh 2 : 2; Joh 3 : 12). Dit beteken dat die Koninkryk van God in Christus na hierdie wêreld gekom het en oor die ganse wêreld gestalte aanneem. Dit beteken dat daar hóóp is vir hierdie gebroke wêreld en dat ons nie slegs van 'n "verloregaande wêreld", in 'n pessimistiese ondergangstemming, moet praat nie. Ons mag ook praat van 'n nuwe aarde wat kom *en wat nou reeds besig is om te kom* (Openb 21 : 5). Paulus praat in Rom 8 van die voorlopigheid van alles, maar hy praat ook oor die volkomenheid wat kom. Die skepping wag met "uitgestrekte nek" (vers 19) na wat kom. Midde in hierdie ou wêreld het ons reeds iets van die nuwe wêreld wat God belowe het. Die Gees van God wat in ons woon is reeds die eerste gerf van die volle oes wat weldra volg (vers 23). Pinkster beteken al 'n stukkie hemel op aarde.

Só, in 'n paar pennestrepe, lyk die wêreld waarin die kerk die boodskap van die Here God moet bring. Die kerk moet weet hoe die wêreld lyk ten einde die boodskap van die Bybel doelgerig te bring. Die kerk kan nie bekostig om in die twintigste eeu antwoorde op vrae te gee wat in die negentiende eeu akuut was nie. Die kerk moet "op die bol" wees.

Daar lê tye van uitdaging voor. Die kerk moet hierdie uitdaging aanvaar. Dit is natuurlik waar dat die Christendom persentasiegewys al minder word in die wêreld. Dit word bv beweer dat in die

jaar 1900 36% van die wêreldbevolking Christene was: in 1975 was dit 25% en die vooruitskatting vir die jaar 2000 is 16%. Die wêreldbevolking groei dus vinniger as die kerk. Slegs in Afrika is daar groot groei onder die Christene, van 3% in 1900 tot 'n moontlike 46% in 2 000. Dan sal Afrika die Christelikste kontinent ter wêreld wees! Bogenoemde gegewens moet nie ontmoedigend nie maar juis stimulerend werk.

God roep sy kerk om die boodskap van bekering en vergewing, van redding en hoop te bring aan 'n gebroke wêreld. Mag ons genoeg olie met ons saamneem terwyl die Bruidegom talm om te kom! En mag ons waaksaam wees omdat ons nie weet in watter uur die dief kom nie!

*Gelewer voor die GTV van die Witwatersrand 6 Julie 1981.*